

KOERSVAS

Uitgawe 17 Jaargang 1 14 Junie 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Gehoorsaam aan die Evangelie

In die Junie uitgawe van die Hervormer verskyn daar 'n artikel deur 'n naamlose outeur. Ons word wel in kennis gestel dat dit 'n uittreksel is uit die notule van 'n vergadering. In die stuk word die volgende bewering in die mond van wyle prof Bart Oberholzer geplaas naamlik; dat daar twee groepe in die kerk is waarvan een aan die Evangelie gehoorsaam is en die ander groep nie.

Die skeidslyn vir hierdie gehoorsaamheid word dan summier getrek rondom nasionalisme en rassisme!

Hierdie ongenuanseerde verwysing na nasionalisme is tipies van die aanslag wat teen die Afrikaner gemaak word. Watter nasionalisme is hier ter sprake? Uit plasings op die NHKA Bakkiesblad is dit duidelik dat baie NHKA predikante, ampsdraers en lidmate trots Suid-Afrikaans is. Dit is nasionalisme! Of dit nou Afrikaner nasionalisme is of reënboogland nasionalisme, dit is om jouself met 'n besondere groep te identifiseer en deel te wil wees van "nasiebou". Indien nasionalisme in welke vorm ongehoorsaamheid aan die Evangelie is, is baie meer as net die Afrikaners ongehoorsaam. Net een versoek; gee asseblief Skrifbewyse vir die stelling. Maak seker dat daar eksegeese en studies van die brontekste by is om te verseker dat daar nie verse buite konteks aangehaal word nie. Daar is rede om te vermoed dat net een soort nasionalisme onder skoot kom in die opmerking wat genotuleer is.

Die tweede aanklag is die van rassisme. In die nuusbrokkies is daar 'n uitnodiging deur die sH regspan rondom hierdie (nou al afgesaagde)

voortdurende blatante laster. Die verstommende is dat mense dink hulle kan met laster en ongegronde naamgewing 'n argument wen. Skrifbewyse en bewyse van rassisme sal gewig verleen aan 'n teerkwasveeg wat nie in alle ordentlikheid wil redeneer nie, maar steeds wil verdag maak, verneder en verwerp.

Gehoorsaamheid aan die Evangelie word gemeet aan sake soos Woordverkondiging, eredienste en barmhartigheid.

Die versweë implikasie van prof Oberholzer se genotuleerde en gepubliseerde woorde is dat ons voorvaders eintlik ongehoorsaam was aan die Evangelie. Boekevat, met alle opregtheid en in geloof kerkwees en kerkbou was volgens hierdie opmerking een groot stuk ongehoorsaamheid en daarom ongelooft. Sendingpogings en barmhartigheid aan "die arme skepsels" was dan kwansuis ongelowige rassisme en nasionalisme. Dan is die beswaardes tog reg om te stel dat 54/69 ons voorvaders tot kettters verklaar. Die BAKV se onwettige opvolg besluit beteken dan dat die NHKA eintlik die beweerde "nasionisme en rassisme wat deel van die wese van die kerk was" herroep het. Die Marxistiese ideologie drup gifheuning soet van hierdie beskuldigings wat grens aan haatspraak, wat in die Hervormer gepubliseer is.

NUUSBROKKIES

- Vaalwater se basaar het goeie aftrek gekry. Die wildsveiling het ook gehelp dat daar konstant mense was wat te ete en te drinke wou kry.

- Die komitee het op Dinsdag 4 Junie vergader om die agenda vir die vergadering van 28-30 Julie 2013 te finaliseer. Die gemeentes se

samewerking met die instuur van geloofsbriewe en beskrywingspunte was opvallend positief.

- **Alle lidmate** word uitgenooi na die erediens wat gaan dien as opening van die Geloofsbond se vergadering. Die erediens vind DV plaas **op 28 Julie 2013 om 18:00 by Tuine** gemeente. U word versoek om administrasie in kennis te stel indien u van voorneme is om die vergadering by te woon sodat voorbereiding vir verversings getref kan word.

- Ds Gawie Wolmarans het geen ander keuse gehad as om te bedank as werknemer van die NHKA nie. Die voorsitter van die Sekunduskommissie kon hom nie waarborg dat hy 'n regverdige en neutrale verhoor sou kry nie.

- Die druk wat die KommAKV op behoudende predikante plaas rondom sake soos 54/69 en andere, het ds Flip Snyders genoop om eweneens te bedank as werknemer van die NHKA.

- Ds Johann Mouton het hom vroeër vanjaar tot die KVBA (Kommissie vir Bemiddeling, Versoening en Arbitrasie) (CCMA) gewend. Soos reeds berig, het die Kommissaris die saak weer probeer bemiddel in plaas van arbitreer. Die twee partye het toe besluit om weer te praat. Tydens die gesprek van 10 Mei het die Moderamen geweier om die gesprek te voer terwyl advokaat Hannes Greeff ds Mouton bystaan. Dit terwyl die Moderamen by name van Oudl Joël Fourie 'n advokaat teenwoordig sou hê en dr Wouter van Wyk (wat nie eens tot die KommAKV verkies is nie en Kerkordelik geen reg daartoe het nie) ook teenwoordig sou wees. Ds Mouton het toe gevra dat die saak weer op die rol van die KVBA geplaas moet word. Die verhoor sou op 6 Junie plaasgevind het. Die KommAKV het aangedui dat hulle die **jurisdiksie** van die KVBA gaan **betwis** tydens hierdie verhoor. Dit is jammer dat die KommAKV met 'n oormaat swier predikante onregmatig van die amp onthef en dan kom met die strategie om by die KVBA te wil aandui dat hulle nie die werkgewer van die predikant is nie. Hierdie regstameletjie het genoodsaak dat ds Mouton sy saak verskuif het na die hooggeregshof. Die KVBA is in kennis gestel van sy besluit. Die aansoek sal eersdaags gebring word.

- Die e-Hervormer berig dat ds Mouton uit die amp onthef is. Lidmate word uitgenooi om die NHKA se Kerkorde oop te maak op bladsy 27 en self te lees wat staan daar in Ordinansie 2.1.12.5(i-v). Dit neem geen regskenner om te sien dat daar 5 stappe is en aspekte is wat in ag geneem moet word in die toepas van hierdie

Ordinansie nie. Die KommAKV het nie eens die Kerkorde reg toegepas nie (hulle het stilgestaan by i) en weier nou om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle eie wantoepassing van die Kerkorde!

- Verskeie lidmate het sH se regspan genader oor die laster wat oor 'n geruime tyd deur individue en deur ampsdraers in amptelike hoedanigheid teen sH lidmate gepleeg word. Die laaste strooi wat die kameel se rug styf gemaak het, was die laster in die Junie uitgawe van die NHKA se amptelike spreekbuis, Die Hervormer. Daarin word sH lidmate rassiste genoem. Dit is 'n ernstige beskuldiging en 'n gevaarlike lasterlike opmerking. Die sH regspan het besluit om 'n klas-aksie rondom laster in te stel. Lidmate wat deel van hierdie lasteraksie wil wees, moet per e-pos aan Danie Dormehl kennis gee van u voorneme om deel te wees. Saam met u kennisgewing van voorneme moet u ook u kontakbesonderhede, die laster wat gepleeg is, waar dit gebeur het en wanneer u deur wie belaster is, insluit.

KENNISGEWINGS

- **Premiermyn Hervormde Kerk:** Jagpakket 2013 Bestaande uit: 1 eland, 1 gemsbok, 2 rooibokke, 3 vlakvarke, 4 aande se verblyf. R100.00 per kaartjie. Navrae by Hans Esterhuizen **0845812905 / 0128115165**

- **PHD:** Premiermyn se Dorkas nooi alle Damesverenigings om 'n tafel of twee te bespreek vir Dowwe Dolla Saterdag, 31 Augustus 2013. 10 dames per tafel @ R120 per persoon. Navrae by Alta: **0826821252**

Stuur u kennisgewings en nuusbrokkies na j.otto@telkomsa.net of na admin@steedshervormers.co.za vir opname in die volgende Koersvas.